# ENKELE INDRUKKE IN VERBAND MET DIE INTERKERKLIKE KONGRES, OKT. 1953.

Ons het geen aantekeninge gehou van die verrigtinge op hierdie kongres nie maar verskillende indrukke sal blywend by ons bly. In die eerste plek was ons besonder dankbaar dat met enkele uitsonderinge die sprekers en die referente van die N.G. Kerk op hierdie konferensie probeer het om 'n prinsipiële standpunt ten opsigte van die beginsel van apartheid in die sending in te neem. Ons herinner ons nog hoe diep besorg Totius in 1948 was toe hy verneem het dat prof. dr. B. B. Keet toe, net soos nou, 'n afwykende standpunt ingeneem het en beweer het dat apartheid nie op grond van Gods Woord kan verdedig word nie. Totius se hart was seer hieroor en hy was so bang dat die destydse kerklike kongres van die N.G.K. hieroor 'n verkeerde besluit die lig sou laat sien. So het Totius hom teenoor ons uitgelaat.

En wat was ons verras en dankbaar toe ds. C. B. Brink, die referent oor die saak, begin het met hierdie woorde: „Soos Totius ons geleer het, beweer ons dat apartheid op Gods Woord gegrond is". Ds Brink het 'n baie heldere geluid laat hoor en hy het 'n baie sterk standpunt ingeneem wat goed gefundeer was. Ons beskou dan ook sy referaat as 'n historiese dokument wat deur almal wat in die toekoms oor die saak wil spreek, geraadpleeg sal moet word.

Daarteenoor het die nie-Afrikaanse kerke en sektes hierdie oortuiging nie aanvaar nie, en hoewel sommige van hulle bereid was om te erken dat die verskeidenheid van rasse en volke deur God gewil word en dat dit raadsaam is om aparte kerke vir naturelle en blankes te hê, was daar nie een van hulle wat bereid was om te erken dat apartheid op Gods Woord gegrond is nie. By hulle is die hoofsaak die eenheid in Christus en dit word volgens hulle verbreek as ons uit beginseloorweginge naturelle en blankes radikaal op kerklike gebied skei. Prof. Keet en 'n baie klein minderheid van die N.G.K. se verteenwoordigers het hulle by laasgenoemde standpunt aangesluit, maar die argumente vir hul saak was baie min oortuigend. Daarteenoor het ander afgevaardigdes van die N.G.K. met gloed en oortuiging en goed gestaafde beweringe hierdie opvatting taamlik ontsenu.

In die tweede plek moet met waardering opgemerk word dat ten spyte van die groot verskille tussen ons en die nie-Afrikaanse kerke, laasgenoemde se verteenwoordigers steeds probeer het om hul standpunt op Gods Woord te grond. Hulle het gevra wat Gods Woord sê en hulle wil vir die Woord buig. Hoewel hul vertolking van Gods Woord oor die algemeen oppervlakkig was, het ons tog steeds gevoel dat ons hier met gelowige mense te doen het een dat nieteenstaande die groot verskille ons saam met hulle behoort aan die een algemene kerk van Christus. Dit was nogal 'n onverwagte en eienaardige gewaarwording. Ons verskil so radikaal en tog is daar die eenheid in Christus.

Aan die ander kant kon ons nie help om onder die indruk te kom van die groot moeilikheid van nie-Afrikaners om ons standpunt te waardeer. Hulle word bewus of onbewus ten dele beïnvloed deur hul siening en toekomsverwagting in verband met Suid-Afrika. Ons wil vir die naturelle èn ons blankes 'n selfstandige bestaan verseker, maar die meeste van hulle is weinig begaan oor die toekoms van 'n Afrikaanse nasie. By hulle is daar bewus of onbewus die strewe om hul sendingstaak onder die naturelle te bevorder en daarom is dit vir hulle raadsaam om in die eerste plek in die naturelle se goeie boeke te kom. Dit is vanselfsprekend dat 'n sendingman so 'n standpunt inneem. Hy wil graag vrugte op sy arbeid sien. Hy werk in die eerste plek vir sy sendingstaak en vir hom is

dit die grootste vraag hoe sy doel die beste bevorder kan word en daarom sal hy nie graag iets wil doen wat die naturelle afstoot nie. Hy is minder bekommer oor wat die blankes sê en oor die naturelle se toekoms. Dit is menslik dat so gedink en gehandel word en ons is bevrees dat by sommige van die nie-Afrikaanse verteenwoordigers hierdie gevoel taamlik deurslaggewend is in hul optrede teenoor prinsipiële en lewensbelangrike vraagstukke. 'n Mens kan nie wegkom van die indruk nie dat sommige verteenwoordigers altyd met een of albei oë na die naturelle kyk.

Ons is in hierdie oortuiging gesterk ook as gevolg van die sterk negatiewe houding wat deur die meeste nie-Afrikaanse verteenwoordigers—daar was gelukkig uitsonderings ook—ingeneem is. Hulle kon maar nie waardeer wat deur die regering vir die naturelle gedoen word nie, en daar kon slegs 'n niksbetekende mosie van waardering vir wat die regering vir die naturelle insake hospitalisasie doen algemeen aanvaar word.

So in die loop van die besprekings kon ons nie help om die Afrikaanse teoloë met die res te vergelyk nie. Daar was aan die Afrikaanse kant manne soos prof. dr. P. J. S. de Klerk van die Ger. Kerk en proff. Muller, Groenewald, Potgieter, Verhoef, dr. Hanekom, dr. Retief, ds. Brink e.a. van die N.G.K. Hulle het almal hul standpunte met gloed en oortuiging gestel en met goed gedokumenteerde argumente gekom. Dit was vir ons 'n geestelike genot om na hulle te luister. Besadig en oortuigend het hulle gepraat en in die reël gesoek na die Gereformeerde weg. Hulle het probeer om hulle op prinsipiële standpunt te stel en hulle het respek by die nie-Afrikaanse gehoor afgedwing.

Die nie-Afrikaanse sprekers was egter minder oortuigend. Dit kan wees dat hulle minder tuis gevoel het op die konferensie waarheen hulle as gaste deur die Federale Sendingraad van die N.G.K. genooi is; dit kan ook wees dat, hoewel hulle in die reël hul eie taal gebesig het, hulle dit soms minder maklik gevind het om die Afrikaanse toesprake te volg. Dit kon belemmerende faktore gewees het, maar ons kon nie help om tot die konklusie te kom dat hulle maar swakkerig afsteek by die Afrikaanse teoloë nie.

Dit was 'n bonte versameling van kerke. Daar was verteenwoordigers van die Heilsleër met hul gestreepte uniforms tot Anglikaanse biskoppe met hul swart kniebroeke en swaelstert-manelle en gekleurde hemde of onderbaadjies—ek kon nie agterkom wat dit presies was nie. Standpunt is teen standpunt gestel maar daar is nooit 'n wanklank gehoor nie en ek het die indruk gekry dat die meeste nie-Afrikaanse verteenwoordigers probeer het om ons standpunt te begryp. Dit beteken al baie, maar ons vrees dat daar min of welnig oortuigingswerk gedoen is. Daarvoor was

die standpunte te skerp teenoor mekaar gestel en ons kon mekaar geensins vind nie; dit was dan ook baie verstandig van die konferensie om te besluit om geen besluite oor verskilpunte te neem nie. Daardeur is die waarde van die konferensie feitlik tot baie min gereduseer en al waarde, vanuit Afrikaanse oogpunt gesien, was dat baie van die nie-Afrikaanse verteenwoordigers op hierdie konferensie vir die eerste maal in hul lewe die Afrikaanse standpunt uit die mond van Afrikaners gehoor het. Dit sê al baie, en ons dink dat hulle wel onder die indruk gekom het van die feit dat ons volgens ons oortuiging handel en dat ons in alle opregtheid van gedagte is dat ons oortuiging gegrond is op Gods Woord.

Dit is moeilik om te sê hoe ons nou alles vanuit Gereformeerde standpunt moet besien. Ons vrees dat ons nie veel kan byvoeg by wat daar op die kongres gesê is nie. Tog meen ons dat die laaste woord nog nie oor die saak gespreek is nie. Ons sal nog meer studie van die saak moet maak en ons sal veral werk daarvan moet maak om die eenheid in Christus ook ten opsigte van die naturelle tot 'n werklikheid te maak.

Wat die eerste betref, meen ons dat dit wenslik is dat verteenwoordigers van die verskillende Afrikaanse kerke eers oor die saak moet konfedereer sodat ons kan kom tot 'n goed omlynde beginselfront. 'n Mens voel nie lekker as 'n man soos dr. Keet, wat in al sy optrede homself openbaar as 'n nederige en opregte Christen, met ons oor so 'n belangrike saak verskil nie. En as ons hom en sy geesverwante nie eers kan oortuig nie, hoe sal ons dan nie-Afrikaners oortuig?

Wat die laaste aangaan het ons op die konferensie probeer aantoon dat ons net so goed of nog beter as die nie-Afrikaanse kerke die eenheid in Christus ook ten opsigte van die naturelle tot openbaring kan bring, nieteenstaande ons apartheid handhaaf. Maar ons sal meer werk daarvan moet maak om dit in die praktyk uit te voer. Nou word die naturelle-Christene te veel opsy gestoot.

Ten slotte nog net dit. Ons het weer op die konferensie onder die indruk gekom van ons neiging om altyd op die verdediging te wees. Vir ons gevoel is dit of ons op 'n onregverdige wyse aangeval word en dat ons ons moet verdedig. Dit veroorsaak 'n soort verwarring van gedagte en dit is wenslik dat ons hiervan ontslae raak. Ons moet ons **positiewe roeping en verantwoordelikheid suiwer en positief stel** en ons **moet ook meer tot die aanval oorgaan.** Van die laaste was daar so ietsie in dr. Hanekom se referaat. Hy het te velde getrek teen wat hy die nuwe ideologie van liberalisme genoem het. Word dit nie tyd dat ons ons mede-Christene waarsku teen hierdie ideologie van gelykheid en broederskap wat nie uit Christus is nie? Hierdie suurdeeg werk ook in die Christelike

kerke en selfs ook in Gereformeerde kerke. Dit is 'n ideologie wat vandag gedeel word deur Kommuniste, Imperialiste en Humaniste. Ons moet dit sien as 'n gees uit die afgrond en ons moet ons bewapen teen hierdie wêreld-aggressor.

H. DU PLESSIS.